

9 Junie

**Skrifgedeelte: Matteus 14:22-33**  
**Fokusgedeelte: Matteus 14:22-33**

### **Fokus op die Seun van God!**

Na die (eerste) vermeerdering van die brood (Matt. 14:13-21), sien ons weer Jesus se mag/heerskappy oor materiële dinge. Die gekombineerde effek van die twee wonders (vermeerdering van die brood en Jesus se loop op die see) bring sy dissipels opnuut onder die indruk van sy almag: *“Die manne in die skuit het voor Jesus gekniel en gesê: U is waarlik die Seun van God”* (vs. 33). Na die vermeerdering van die brood het Jesus se dissipels in die skuit geklim en na die oorkant toe gevaar. Hy het toe alleen op die berg gaan bid. Ja, dit was vir Jesus belangrik om alleen te wees en met sy Vader te praat!

Die dissipels was met die skuit al 'n paar kilometer van die strand af weg. Die golwe was hoog en die wind sterk toe Jesus op die see na hulle toe aangeloop kom! G'n wonder sy dissipels het gedink hulle sien 'n spook nie! Die “oorywerige” Petrus verbaas ons met sy impulsiewe versoek om na Jesus op die see te loop. Jesus moedig hom ook aan: *“Kom!”* sê Hy. Maar Petrus se geloof skiet tekort – hy raak bang in die wind en onstuimige see en sink. Petrus raak 'n simbool van kleingeloof en twyfel – 'n voorbeeld van 'n dissipel wat meer op die uiterlike omstandighede fokus en sy oë van die almagtige, lewende Here Jesus Christus afwend!

As volgelinge van ons Here Jesus (dissipels!) – maar as sondaars – is ons soms geneig om te veel op onself te fokus, en nie ons oë op die wenstreep, die oorwinning in Jesus Christus, te fokus nie. Hoe kry ek dit reg om gefokus te bly? Die Hebreërskrywer gee die resep van geloof: *“Hou jou oë gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof ... Hou Hom voor oë, wat so 'n vyandige optrede van sondaars teen Hom verdra het. Dan sal julle nie geestelik moeg word en uitsak nie”* (Heb. 12:1-3).

Sing: Psalm 108:1, 8 (2001-omdigting)

Ds. OA Oosthuizen (Windhoek-Suid)